# Die vierling: Styl, Register, Toon en Stem

Adinda Vermaak
OBOS-Noord

## Styl

DIE STYL moet by die soort skryfstuk en by die inhoud pas.

Jack Rawlins (*The writer's way*, p. 158) gee die volgende voorbeelde (in Afrikaans verwerk) om verskille in styl mee te illustreer.

As jy 'n nota moet los vir jou woonstelmaat wat weereens vergeet het om die skottelgoed te was, kan jy dit op die volgende maniere stel:

- "Jy het weer vergeet om die skottelgoed te was."
- "Is daar 'n rede waarom die skottelgoed weer nie gewas is nie?"
- "Was dit my beurt om die skottelgoed te was? Ek sien dis weer nie gedoen nie."
- "Is daar 'n moontlikheid dat ons kan gaan sit om weer oor die skottelgoedbeurte te praat?"
- "Hantering van Vuil Skottelgoed tans Benede Minimum Aanvaarbare Huishoudingstandaarde."
- "Verstaan nou mooi: as hierdie skottelgoed nie vandag gewas word nie, is ek nie verantwoordelik vir wat met jou kan gebeur nie."
- "Hei, skottelgoed word nie vanself skoon nie, jy weet."
- "Was die skottelgoed!"
- "SKOTTELGOED!!!"

Elkeen van bostaande notas sê dieselfde ding, maar dis elke keer in 'n ander styl geskryf.

Styl is dus die individuele en persoonlike manier waarop 'n skrywer sy of haar gedagtes uitdruk.

**Inhoud is wát jy sê. Styl is hóé jy dit sê.**

Die styl moet nooit die belangrikste wees nie. Dis net 'n middel om die inhoud beter oor te dra, want die inhoud bly steeds die belangrikste. Die styl moet sodanig wees dat dit die waarde van die skryfstuk verhoog. Soms dink (jong) skrywers dat wat hulle ook al sê, in 'n sekere styl moet wees: modern of *cool* (in Engfrikaans?), sinies of sarkasties. In die boek *Writing effectively* word die verband tussen styl en inhoud so vergelyk: Net soos dekor op die verhoog is styl betekenisloos sonder die toneelstuk self.

## Register

REGISTER KAN gedefinieer word as die woordeskat en die toon wat by ‘n sekere sosiale groep pas. Die register waarin 'n teks geskryf word, is byna dieselfde as die styl wat die skrywer kies.

Die register word deur die volgende bepaal:

- **Woordkeuse of uitdrukkings**: Dit kan wissel van formele uitdrukkings (“paradigmaskuif”) of die gebruik van vakterme (“assesseringsinstrument”), of die teenoorgestelde: sleng (“Ek stres actually glad nie”) of dialektiese woorde (“My broe, ek sê, dis dydelik”).

- **Sinstruktuur**: Sinne in die passief is gewoonlik meer formeel as sinne in die aktief of bedrywende vorm:
  Daar word beweer dat struweling in die span voorgekom het.
  Spiere Scheepers en Boela Botha het mekaar voos geslaan.

- **Spelling:** Ook die manier waarop woorde geskryf word, kan deel vorm van die register. Woorde wat byvoorbeeld Kaaps naboots, word dikwels gebruik as deel van 'n humoristiese register.

- **Leestekens**: Uitroeptekens pas nie in 'n formele skryfstuk nie, maar in 'n geselsbrief of 'n dagboekinskrywing is dit aanvaarbaar.

- **Uitleg**: 'n Amptelike brief se vaste, voorgeskrewe formaat staan in teenstelling met 'n vriendskaplike briefie op fleurige blommetjieskryfpapier of 'n dagboekinskrywing wat net vir jou eie oë bedoel is.

- **Lettertipe**: Sekere lettertipes is meer formeel as ander, byvoorbeeld Times New Roman of Bookman Old Style (wat vir hierdie teks gebruik is) teenoor Comic Sans SM, wat 'n meer informele indruk skep.

Die register waarin geskryf word, word dus bepaal deur die teikenleser, dit wil sê, die ontvanger van die boodskap.

Die teikenleser moet die heeltyd in gedagte gehou word; dan sal die styl, register en die toon gepas wees. (En die teikenleser is nié die onderwyser met die rooi pen nie.)

## Toon

DIE TOON word bepaal deur die houding, gevoel of bui van die verteller - wat nie noodwendig die skrywer self is nie. Dit is die geskrewe ekwivalent van 'n persoon se stemtoon. ’n Mens hoor dikwels dat iemand sê: “Moenie met daardie stemtoon met my praat nie!”

Die toon word ook omskryf as die skrywer se houding teenoor die teikenleser.

'n Skrywer het gewoonlik een spesifieke skryfstyl, maar pas die toon aan by wat hy of sy beskryf. Die skrywer moet sorg dat die toon pas by die verteller of die karakter deur wie se oë gekyk word, dit wil sê, by die fokalisator.

Die toon kan byvoorbeeld wees:

- Informeel OF formeel
- Lighartig, humoristies, komies, laf OF ernstig, plegtig, deftig
- Subjektief, partydig OF objektief, saaklik
- Ongeërg, nonchalant OF vurig, hartstogtelik
- Rebels, wild OF koel, beredeneerd
- Onortodoks, eksperimenteel OF presies, formeel, amptelik
- Eenvoudig, reguit OF beeldryk, opgesmuk, oordadig

Die toon blyk uit die volgende:

- Die woordkeuse
- Die lengte en struktuur van die sinne
- Die leestekens
- Die manier waarop die idees georden is
- Die formaat wat gebruik word om die idees mee oor te dra.

(Hieruit kan gesien word hoe die toon en die register ooreenkom en oorvleuel.)

'n Skryfstuk se toon is oortuigend as dit klink asof 'n regte egte mens dit geskryf het. As jy as skrywer meganies skryf, soos 'n masjien - selfs 'n superintelligente masjien - sal jy jouself en die leser verveel.

**Wat jy ook al skryf, besluit vooraf watter toon jy gaan inslaan.**

## Stem

DIE STEM is die tegniese term wat gebruik word om te verwys na die oorkoepelende styl van die skrywer.

Dis nie so moeilik om met 'n individuele stem te skryf nie. Ons het elkeen 'n eie, unieke stem. Vertrou jouself as skrywer en laat jou eie stem hoor. Dis die stem wat persoonlikheid aan 'n skryfstuk verleen.

As jy voel jy het geen persoonlike verhouding met die teikenleser nie, verbeel jou dan jy is besig om vir jou beste maat te skryf – die een vir wie jy alles kan vertel.

'n Skryfstuk wat sonder 'n eie stem geskryf is, is dood, meganies, leweloos en gesigloos. Die inhoud mag dalk klink asof dit die werk van 'n genie is, maar sonder 'n unieke stem is dit asof dit deur 'n soort menger kom, eerder as dat dit die woorde van 'n regte mens is.

## Vyf wenke

1. Lees jou skryfstuk hardop en hoor hoe dit klink. So sal jy die ritme en styl kan hoor. Die Engelse skrywer Virginia Woolf het geglo:
   "Style is a very simple matter, it is all rhythm."
2. Redigering van die eerste poging behels gewoonlik indringende werk aan en verfyning van hierdie vier belangrike aspekte: die styl, register, toon en die stem.
3. Jy mag – nee, jy móét – 'n skrywer naboots. Dis hoe feitlik alle skrywers begin het. Later sal jy wel jou eie styl ontwikkel.
4. Onthou altyd: minder is beter.
5. Jy kan net goed skryf as jy baie lees.

## Bronne

Faryna, Beverly. 2002. "Finding identity & voice in composition." http://www.mala.bc.ca.

Kelsch, Mary Lynn & Kelach, Thomas. 1981. *Writing effectively: A practical guide.* Prentice-Hall.

"How to put your own voice in your writing." 23Oktober 2003. http://kimskorner4teachertalk.com/

Meeks, Christopher. 22 Oktober 2003. "Style as substance." http://www.efuse/com.

Mentor, Dominic and Marcelle. Februarie 2003. "The writing workshop." A Workshop held at EMDC North.

Rawlins, Jack. 1987. *The writer's way*. Houghton Miflin Company.

**Oktober 2003**